*Saterdag* 3 Januarie

Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-2, 16-25

Fokusgedeelte: Nehemia 9:16-17

Jou skuldbelydenis getuig daarvan dat God barmhartig is

’n Persoon wat met berou voor die Here op sy knieë gaan om sy sondeskuld te bely, sê daarmee iets oor homself en tegelykertyd ook iets oor God. Hy sê dat hy die Here as ’n barmhartige en genadige God ken wat berouvolle sondaars vergewe en dat hy die vaste vertroue het dat ook sy sonde in Christus vergewe sal word.

Dit blyk onder andere uit die geskiedenis wat in Nehemia 8 en 9 vir ons opgeteken is. Toe die wetboek van die Here onder leiding van die priester Esra aan die teruggekeerde ballinge in Jerusalem voorgelees is en hulle tot die besef gekom het dat hulle skuldig staan voor die Here, het hulle ’n vasdag uitgeroep en hulle sonde bely (9:1-2). Hulle was baie eerlik daaroor en het nie verskonings probeer soek nie. Maar hulle het dit gedoen teen die agtergrond van hulle pragtige belydenis oor God se barmhartigheid in die laaste deel van vers 17: *“Maar U is 'n God wat vergewe, genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde.”*

Dit is hoe hulle God leer ken het. Hulle kon hulle sonde en skuld met vrymoedigheid voor die Here bely, want hulle het die kennis en vertroue gehad dat God barmhartig is en berouvolle sondaars vergewe. Hulle kon daarvan getuig dat God nie hulle voorouers verlaat het nie ten spyte van hulle ontrouheid en ongehoorsaamheid.

Dit is ook wat daar in 1 Johannes 1:9 staan: *“As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”* En so getuig jou skuldbelydenis daarvan dat God oneindig barmhartig is.

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Emeritus)*